netwerk24.com

# Johanna van Eeden: Dit is meer as ’n stuk papier

Send to Kindle

---

Vandag sal dag 11 wees. Ek maak soggens die deur oop en voordat ek die koerant optel, neem ek eers ’n foto met my selfoon.

“Wat maak jy?” vra my man.

“Ek werk aan my installasiekuns,” antwoord ek.

Dis nie waar nie. Ek werk deur my verlies.

Want ek weet al jare lank die oorskakeling van papier na digitaal is uiteindelik onafwendbaar.

Ek neem die fotoreeks met my Samsung Galaxy en nie met my Asahi Pentax nie. Ek doen my banksake op ’n app. Ek soek aanlyn vir inligting. Ek werk al jare oor platforms heen en publiseer artikels aanlyn.

By Harvard se sakeskool het ek geleer hoe die aanlyn ekonomie werk en oor digitale transformasie. Laasgenoemde, terloops, het alles te doen met maatskappykultuur en veranderingsbestuur – aspekte wat selfs die slimste sakeplan kan sink.

So waarom pyn my spiere sedert 13 Junie sporadies, lê daar ’n dowwe pyn soos ’n halwe baksteen in my bors en voel ek soms huilerig?

Dis omdat ek rou.

Toe my oupa dood is, het ek geweet niemand gaan my ooit weer Rooikop noem nie. ’n Stukkie van my was ook dood.

Ek het sy dood verwerk sonder dat ek daardie tyd al geweet het van die sielkundige Elizabeth Kübler-Ross se model waarin sy die fases van rou uiteensit: skok, ontkenning, woede, onderhandeling, depressie, toetsing en aanvaarding.

My oupa was die eerste mens na aan my wat gesterf het.

Daarna was nog. Ook my ma en my pa.

**‘Generasies vind mekaar’**

In ’n rubriek oor Media24 se beplande sluiting van onder meer Beeld en Rapport skryf Alida Kok verlede week oor die belangrikheid van koerante en dat “generasies mekaar in dieselfde leesstof vind”.

Vroeër vandeesweek, op Lourensa Eckard se In gesprek op kykNET, opper Kok weer die argument oor die koerant as ’n middel wat generasies bind.

Saam met haar gesels prof. Theo Venter, wat min of meer aanvoer die wêreld het aanbeweeg en dis tyd dat julle ook aanbeweeg. Die “julle” is nou dieselfde mense na wie daar in sommige kommentare op Netwerk24 as “dinosourusse” verwys word.

Ek het grootgeword tussen woorde en in ’n huis met koerante – tussen Oggendblad, Die Transvaler, Hoofstad, Metro-Weekblad, Beeld en Rapport.

Ek het steeds van die storieboeke wat ek kleintyd gewen het met inkleurwedstryde wat destyds deur koerante aangebied is.

**Ensiklopedie van die wêreld**

My ma is ná st. 8 uit die skool uit. Daar was nie geld vir verder leer nie en ná haar was daar drie broers wat deur matriek moes kom.

Sy het in die poskantoor gaan werk, later jare bedank om kinders groot te maak en toe ek in st. 2 was, het sy by Telkom se werkswinkel in Mayville, Pretoria,

gaan werk. Daar het sy daagliks vuil telefone met ’n ou tandeborsel en seepwater geskrop en later geleer hoe om die toetsborde van stukkende telefone met ’n soldeerbout reg te maak.

My ma was dus nie ’n geleerde vrou nie, maar sy was baie goed ingelig, het geweet wat in die wêreld aangaan en het haarself gemaklik gehandhaaf in enige gesprek.

Sy het ook haar eie manier gehad om ’n koerant te lees – van voor tot agter, ja. Maar veral álles tussen-in.

Sy’t my eenkeer vertel as daar iets is wat sy nie verstaan nie, byvoorbeeld ’n term op die sakeblaaie, het sy dit in die woordeboek gaan naslaan.

As ek as kind gevra het oor die betekenis van ’n woord, het sy my gestuur om die woordeboek te gaan haal en dan moes ek dit self naslaan. Het ek gewonder oor ’n plek, ’n mens, ’n gebeurtenis of iets in dier voege het sy my na die Kennis-ensiklopedie verwys.

Dis vanweë ’n koerant – by die lees van ’n reeks berigte in Beeld – dat my ma by die plek gekom het waar sy gereed was om ’n stuk trauma in haar lewe as volwassene te hanteer.

Vir haar was koerante ’n universiteit, ’n ensiklopedie van die wêreld, ’n betroubare vriend.

Haar dae het elke oggend dieselfde begin: vroegoggend met koffie en haar koerant, terwyl die res van die huis nog slaap. Dit was háár tyd.

Ek doen soggens dieselfde – ek drink my eerste koppie koffie en lees my koerant voordat ek met my dag begin.

**‘Wat is glasnost?’**

My pa het by Yskor se kooksoonde in ’n laboratorium gewerk. Ons huishouding het gewentel om oggendskof, aandskof, middagskof, dubbelskof en oortyd.

My pa het sy toebroodjie in waspapier, wit laboratoriumjas, ’n swart aantekeningboekie met ’n rooi rug en ’n paar penne in ’n rooi tassie saam met hom werk toe gedra. As die koerant die dag ook in sy tassie was, het die blaaie na bensien geruik.

Ek het die meeste van oggendskof en nagskof gehou, want dan was hy by die huis wanneer ek van die skool af kom. Dan het hy vir ons kos gemaak en – na gelang van sy skof – sou ek alleen of ons saam die koerant lees.

Soms was daar in die koerant regskennisgewings van mense wat hul naam of van wil verander. Dit het ek gewoonlik hardop gelees en dan het ons bespiegel oor die rede vir die besluit.

As my pa se skofte dit toegelaat het dat hy my ma by haar werk kan gaan oplaai, het ons ’n speletjie gespeel. Terwyl ons vir haar gewag het, sou ons ’n vasvra-kompetisie hou, gegrond op die dag se koerant.

Wie is die minister van staatkundige ontwikkeling? Wat het met Gaynor Young gebeur? Wie is Neville Clarence? Wat beteken Resolusie 435? Wat is glasnost?

Sondae is Rapport uitmekaar gehaal en elkeen het sy deel gekry. Ek het graag op die mat gesit, die loopbane-advertensies voor my uitgesprei en probeer vasstel wat dit is wat ek dan nou eendag moet word. Twee faktore het toe vir my ’n rol gespeel: Is daar genoeg werk vir jou en is die betaling darem goed genoeg?

Gegrond op die eerste faktor het ’n passer en draaier, ketelmaker of werkstudie-beampte na opsies gelyk. Gegrond op die tweede faktor, sou ek my pa vra hoe lyk ’n maandelikse salaris van (byvoorbeeld) R185 844 per jaar. Hy sou vir ’n oomblik opkyk van sy koerant, hoofrekene doen en die antwoord gee. Ek kon my verkyk aan daardie somme in sy kop.

Die paar keer wat dit gebeur het dat ons motor langs die pad gebreek het, het my pa altyd dieselfde opgetree. Hy stap na die naaste kafee om die Automobiel-Assosiasie te bel. En dan kom hy terug met ’n botteltjie Coke, ’n tros piesangs en ’n koerant. Wat meer het jy in ’n krisis nodig?

Ons het dikwels vir my oupa ’n koerant gevat. Hy’t syne gewoonlik gelees met ’n sigaret in die een hand. Toe sy oë (dalk ook sy verstand) later jare nie meer helder was nie, het hy bloot na die opskrifte gekyk en sy eie stories opgemaak. Was dit byvoorbeeld “Botha ontlok woede” sou hy – afhangende van sy bui – lostrek teen Naas, PW of Pik.

My pa het sy koerant op drie plekke gelees – aan die kombuistafel, in sy stoel in die sitkamer en later jare in ’n sonkol op die stoep. Lees hy by die kombuistafel en jy loop verby en loer oor sy skouer, wéét jy wat hy gaan sê: “Jy weet, ek háát dit as iemand oorgh my skouergh loergh.” Later doen jy dit moedswillig, net om daardie lieflike bry so op ’n ry te kan hoor.

Tussen my ma en pa het hulle beurte gemaak om die blokraaisels in te vul, altyd met ’n woordeboek of drie binne reikwydte. Hy het ’n manier gehad om die koerant te vou en weer te vou sodat hy die blokkiesraaisel met sy regterhand kon vashou, ’n potlood in sy linkerhand.

Ek doen soggens presies dieselfde wanneer ek die Sudoku invul – behalwe dat ek regs is.

**Rituele**

Ek het gehoor wat Venter in die gesprek met Eckard gesê het oor verandering en lesers wat aanlyn beweeg. Ek verstaan dit en het nog altyd geweet dit sal eendag gebeur.

Maar ek verstaan veral wat Kok probeer tuisbring – die band tussen ’n ma en ’n pa en ’n kind en ’n koerant.

Wanneer ek een oggend die deur oopmaak en daar lê niks, gaan nog ’n stukkie in my dood wees. Want my kinderjare se rituele – herhaalde handelings van liefde – lê versigtig toegedraai in vergeelde koerantpapier.

- *Van Eeden is Stemme-redakteur van Netwerk24 en Afrikaanse dagblaaie.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/johanna-van-eeden-dit-is-meer-as-n-stuk-papier-20240629